Maandag **29 Januarie**

**Skrifgedeelte: Sagaria 9:9-17**

**Fokusgedeelte: Sagaria 9:9**

**’n Oproep tot blydskap**

Nadat die volk van die Here uit ballingskap teruggekeer het, was daar geen koning in Israel nie. Die land was deur goewerneurs regeer. Daar was soveel profesieë wat vooruit gesê het dat hulle koning eendag sou kom. Sagaria bring die goeie nuus, naamlik dat God se volk hulle moes verheug omdat hulle Koning gaan kom. Dit sou in werklikheid nog bykans 500 jaar wees. Hulle moes, deur die geloof, Hom met vreugde verwag en inwag.

Die Messias, Jesus, se geboorte het toe aangebreek. Die koning het gekom! As volwassene het Christus die profesie van die profeet Sagaria vervul. Hy het as koning in Jerusalem ingery op die rug van ’n esel. Regverdig, ’n oorwinnaar en nederig. Hy kom om te heers van see tot see en om aan die nasies vrede te verkondig (vs 10). Dit het Hy ook gedoen deur aan sy dissipels na sy dood en opstanding die groot opdrag te gee om heen te gaan en die evangelie aan al die nasies te verkondig.

Sagaria moedig God se volk aan om hulle te verbly terwyl hulle nog moes wag vir die vervulling daarvan. Soveel te meer word ons geroep tot blydskap omdat dit alreeds vervul is. Ons koning het gekom. Hy is besig om te heers terwyl sy kerk die boodskap van vrede, dit is die evangelie, na die hele wêreld neem. Die Koning het gekom en sy Vader is besig om sy vyande ’n voetbank van sy voete te maak.

Kind van God, verbly jou grootliks daarin dat jou Koning gekom het en jou deur sy bloed verlos het. Wees bly, word vertroos en lewe in dankbaarheid.

*Sing: Psalm 48-1:1, 2, 4*

*Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)*